

**Aan:** Sekretaris en Presidente – Stoeiverenigings  
SASF Uitvoerende Bestuurslede

**Van:** SA Afrigters Raad

16 Maart 2017

---

**SASAR SKRYWE 09/2017 – NASIONALE AFRIGTERS KURSUSSE**

---

Graag wil die volgende inligting en reëlings deurgee aan al ons afrigters m.b.t. die laaste Nasionale afrigters kursus vir 2017 wat eerskomende naweek in Bloemfontein plaasvind:

1. **Afrigters Kursusse**

Daar word drie nasionale kursusse aangebied in 2017 wat oor die land versprei is. Ons beland om 'n Nasionale krag en kondisionering kursus aan te bied, die detail van die kursus sal deur gestuur sodra ons die reëlings gefinaliseer het.

**Inskrywings vir die 2017 Nasionale Kursusse kursus word op ETMS gedoen. Alle afrigters asook instrukteurs moet op ETMS inskryf vir die kursus. (Ons vra dat persone wat die inskrywings doen sal let op die volgende reëlings)**

**1. Afrigters wat net die kursus wil bywoon moet net vir Saterdag 28 Januarie 2017 op ETMS inskryf.**

**2. Afrigters wat wil opgradeer moet ook vir die betrokke Vrydag aand inskryf wanneer die eksamens plaasvind, hierdie afrigters skryf dus vir beide dae in.**

**(Ons vra almal se samewerking met die inskrywings op ETMS ten einde dit vir ons moontlik te maak om effektief voor te berei vir die kursus)**

Die reëling dat afrigters verplig is om een Nasionale kursus per jaar by te woon, ten einde in die daarop volgende jaar by S.A. aangeleenthede te kan optree bly van toepassing vir 2017, met ander woorde om in 2018 te kan optree moet 'n afrigter in 2017 een van die Nasionale kursusse bywoon.

Afrigters wat nie in 2016 'n Nasionale kursus bygewoon het nie, kan nie in 2017 by S.A. aangeleenthede op te tree nie, alvorens hulle 'n Nasionale kursus in die jaar bywoon. Afrigters wat nie die hele kursus bywoon nie sal ongelukkig nie erkenning kan ontvang vir die betrokke kursus nie. Die graderings vereistes vir 2017 is aangeheg by die skrywe.

***NB: Ons wil u graag daarop wys dat inligting in die LTDO plan ook in die teoretiese eksamen sal voorkom.***

**LET WEL:**

Ons wil graag spesifiek die volgende reëling met betrekking tot die toetsing van vlak 3 afrigters deur gee. Afrigters wat vir vlak 3 getoets wil word, moet drie (3) take voor die tyd inhandig. Indien ons nie die afgehandelde take voor die tyd ontvang nie, sal geen toetsing plaasvind nie.

**DIE KURSUS DETAIL IS AS VOLG:**

**Derde kursus vind plaas op 17 en 18 Maart 2017**

Besonderhede van die kursus:

- Plek: **Bloemfontein, Vrystaat**  
**Adres vir Vrydag aand afrigters wat eksamen afle:**  
Fichardt Park Sportgronde en Gimnasium – Usmar straat Fichardt Park, Bloemfontein  
**Adres vir Saterdag afrigters wat kursus bywoon:**  
Die Saterdag oggend aanbieding sal plaasvind by die Free State High Performance Center. FSSSI (Oranje Hospitaal) President Brand straat loop dood of begin by die verkeerslig. H/V President en President Brand straat.  
  
Registrasie: Vrydag 18 Maart 17h30 tot 18h30 (Net vir Afrigters wat wil opgradeer)  
Saterdag 19 Maart 07h00 tot 07h45
- Die eksamen en praktiese toetsing vir vlak 1, 2 en 3 vind plaas op Vrydag vanaf 17h00. Ons sal beskikbaar wees vir die skryf van die teoretiese eksamen vanaf 17:30 vir afrigters wat vroeër daar kan wees.
- **Alle inskrywings word op ETMS gedoen soos bo uiteengesit. Ons wil weer beklemtoon dat Afrigters wat wil opgradeer moet ook vir Vrydag 18 Maart 2017 inskryf wanneer die eksamens plaasvind, hierdie afrigters skryf dus vir beide dae in.**
- **Inskrywings sluit op Woensdag 15 Maart 2017 om 10:00**
- Verenigings en afrigters moet asseblief kennis neem dat indien afrigters ingeskryf het vir die kursus en nie opdaag nie, die betrokke afrigters verantwoordelik gehou word vir die inskrywingsgelde.
- Inskrywingsgelde R275.



Groete

Afrigters Raad

Nico Coetzee

**NICO COETZEE**  
*(Voorsitter Afrigters Raad)*

+27 83 232 1120  
[necchem@iafrica.com](mailto:necchem@iafrica.com)

Posbus 5221, Boksburg Noord, 1461,  
Gauteng, Suid Afrika

